http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Alhoewel *Lexikos* die amptelike mondstuk van AFRILEX is, is *Lexikos* nie die alleenbesit van AFRILEX nie. AFRILEX moedig sy lede wel aan om by te dra tot *Lexikos* maar nooi ook alle leksikografies geïnteresseerdes uit om van hierdie publikasieforum gebruik te maak. Nie alleen die leksikografie in Suid-Afrika en Afrika nie, maar ook die wyer internasionale leksikografie moet baat by 'n tydskrif soos *Lexikos*. *Lexikos* en AFRILEX is altwee aktief by die ontwikkeling van die leksikografiese gesprek in Afrika betrokke maar wil ook saam met ander rolspelers verseker dat dié ontwikkeling op 'n stewige en verteenwoordigende basis voortgesit word.

In die Afrikakonteks neem die behoefte aan leksikografie-opleiding al hoe meer toe. AFRILEX sien dit as deel van sy verantwoordelikheid om deel te neem aan die opleidingsinisiatief en ook om sy lede aan te moedig om betrokke te raak by opleidingsaktiwiteite. Die vereniging was die afgelope twee jaar aktief gemoeid met die opleiding wat tydens SALEX '97 en SALEX '98 aangebied is. Opleiding is nodig op sowel formele as informele vlak. In hierdie verband het *Lexikos* 'n belangrike rol om te speel. Die klem van artikels moet steeds op 'n verskeidenheid aspekte van sowel die teoretiese as die praktiese leksikografie wees, maar in die toekoms behoort meer ruimte geskep te word vir artikels wat fokus op die opleiding van woordeboekskrywers en die opvoeding van woordeboekgebruikers. Hieraan het Afrika 'n behoefte. Alle *Lexikos* lesers word uitgenooi om deur middel van die tydskrif hulle verantwoordelikheid teenoor die opleidingspoging na te kom. Ook deur die skryf van woordeboekresensies kan nuttige leiding aan woordeboekopstellers en woordeboekgebruikers gegee word. Vir die nuwe millennium het Afrika nuwe leksikograwe, woordeboekeenhede en opgeleide woordeboekgebruikers nodig.

Met hierdie uitgawe van *Lexikos* stel die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal nogmaals hulle kundigheid en bystand tot die beskikking van die breër leksikografiese gemeenskap. Hiervoor bedank AFRILEX hulle en by name vir dr. J.C.M.D. du Plessis wat weer eens bereid was om verantwoordelikheid te aanvaar vir die redakteurskap van *Lexikos*.

Rufus Gouws
*Voorsitter: AFRILEX*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

# A Few Words from AFRILEX

Although *Lexikos* is the official journal of AFRILEX, it does not exclusively belong to AFRILEX. AFRILEX encourages its members to contribute to *Lexikos*, but also invites all persons interested in lexicography to utilise this publication forum. Not only lexicography in South Africa and Africa, but also international lexicography in general should benefit from a journal such as *Lexikos*. *Lexikos* and AFRILEX are both active in the development of lexicographic debate in Africa but need to co-operate with other role players in order to ensure this development continues on a sound and representative basis.

Within the African context the need for lexicographic training is increasing. AFRILEX considers it part of its responsibility to participate in training initiatives and encourages its members to become involved in training activities. During the past two years the association has been actively involved in the training offered at SALEX '97 and SALEX '98. Training is needed on both the formal and the informal levels. In this regard *Lexikos* has a vital role to play. The emphasis of articles should still be on the theoretical and practical aspects of lexicography, but in future more space should be set aside for articles focusing on the training of dictionary compilers and on the education of dictionary users. Africa needs this. All *Lexikos* readers are invited to use the journal as an instrument to meet their obligations towards this training endeavour. The writing of dictionary reviews can also offer valuable guidance and assistance to lexicographers and dictionary users. Facing the new millennium, Africa needs new lexicographers, dictionary units and trained dictionary users.

With this edition of *Lexikos*, the Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal has once again made their expertise and assistance available to the lexicographic community at large. AFRILEX wishes to thank the WAT for this enterprise and Dr J.C.M.D. du Plessis for his willingness to carry, once again, the responsibility for the editorship of *Lexikos*.

Rufus Gouws
*Chairperson: AFRILEX*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)